Kampterrein
DIE MOVIE

KAZ MCFADDEN

ZENANDE MFENYANA

LOUW VENTER

JOSIAS MOLEELE

JÜRGEN HELLBERG

EDRIEN ERASMUS

MARLEE VAN DER MERWE

RUAN WESSELS

JOHAN BOTHA

JUANITA DE VILLIERS

REINE SWART

THERESE BENADE

INCENSE PRODUKSIES LUHANN JANSEN "KAMPTERREIN" LOUW VENTER JUANITA DE VILLIERS JÜRGEN HELLBERG
EDRIEN ERASMUS REINE SWART KAZ MCFADDEN RUAN WESSELS JOHAN BOTHA LINDIE STANDER THERESE BENADE MARLEE VAN DER MERWE JOSIAS MOLEELE ZENANDE MFENYANA
MARCUS MULLER MORNE LANE JOOST SMUTS JOHAN MEHMEYER LIZELLE DEMOS MORNE LANE MARCUS MULLER MARCUS MULLER THERESE BENADE LUHANN JANSEN

incense Films Dewfresh PiXzess OUTDOOR WAREHOUSE Snappx Chef makro VPHSTUDIOS VPHFILMS

INCENSE FILMS

bied in samewerking met

VPH FILMS

en

DIE DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID (DTI)

'n rolprent aan deur

LUHANN JANSEN

KAMPTERREIN

REGISSEUR
Luhann Jansen

DRAAIBOEK
Morné Lane

OORSPRONKLIKE STORIE
Marcus Muller
Therese Bernade

ROLVERDELING
Ruan Wessels, Reine Swart, Louw Venter, Juanita de Villiers Velts, Jürgen Hellberg, Edrien Erasmus, Kaz McFadden, Johan Botha, Marlee van der Merwe,

Ruan Wessels, Reiner Swart, Sasha Stroebel, Theresa Benade, Masilo Josias Moleele, Zenande Mfanyane

KINEMATOGRAAF
Michael van Zyl

PRODUKSIE ONTWERPER
Kruger van Deventer

KLANK ONTWERP
Tertius Human

REDIGERING
Michael van Zyl
Ludwig Loots

MEESTER KOSTUMEERDER
Christine Elgie Ward

GRIMEER KUNSTENAAR
Maritza Maritz

UITVOERENDE VERVAARDIGERS
Johan Wehmeyer
Joost Smuts
Lizelle Demos

VERVAARDIGERS
Morné Lane
Marcus Muller

SINOPSIS

In hierdie eietydse Suid-Afrikaanse familiekomedie is vakansie-chaos aan die orde van die dag.

Wanneer die Afrikaanse gesin, die Fouchés, by die ATKV-Buffelspoort-vakansieoord opdaag, sien hulle dat die karavaanstaanplek waar hulle elke jaar kampeer, deur die Khumalo's beset word. Die onderonsie tussen die twee gesinne wat in 'n heen-en-weer-gestryery ontaard, is skreeusnaaks.

Die bestuurder van die vakansieoord, Oom Gert, en sy nie-te-slim assistent, probeer ondertussen om hulle voor te berei vir 'n verrassingsbesoek van 'n anonieme inspekteur van die Suid-Afrikaanse Toerismegraderingsraad, wat sal besluit of die vakansieoord vir nog 'n ster kwalifiseer al dan nie. Om hierdie toekenning te kry, is een van Oom Gert se lewenslange drome en ook sy laaste kans voor hy aftree.

Maar niks verloop volgens plan nie en chaos bars los. Skielik word vrae gevra oor die skoonheidsalon wat 'n ietsie meer as manikure en pedikure aan hulle kliënte bied. Daar is ook 'n ou tannie wat by die oord vakansie hou en probeer om haar hondjie weg te steek (geen troeteldiere word toegelaat nie), 'n nutsman wat nie in staat is om enigiets reg te maak nie en 'n glanspaartjie wat dink niemand gaan hulle herken nie – en dit speel alles af teen die agtergrond van die pragtige, vreedsame natuurskoon van die oord.

Die rus en vrede word egter die meeste versteur deur die volgehoue skermutselings tussen die Fouchés en die Khumalo's. Sal hulle hul kulturele verskille ter syde kan stel en daarin slaag om te ontvlug aan die eise van die stadslewe?

BIOGRAFIEË – ROLVERDELING

LOUW VENTER – Jan Fouché

Louw Venter is 'n akteur, skrywer en komediant wat veral bekend is vir sy rol as Corne in die verhoogproduksie en later die komiese televisiereeks, *The Most Amazing Show*, saam met sy kreatiewe vennoot, Rob van Vuuren (Twakkie).

Louw en Rob het twee televisiereekse van *The Most Amazing Show* geskryf, die regie daarvan behartig en daarin opgetree en het reeds meer as 200 vertonings agter die blad. Hulle het Suid-Afrika, Europa en die Seychelles deurkruis met die *Show* en verskeie toekennings daarmee gewen.

Na hierdie sukses het Louw op sy skryf- en rolprentwerk begin konsentreer. Hy het die televisiereeks *Rugby Motors* geskep en daarin gespeel en was die medeskepper en hoofskrywer van die televisiereeks *Liefste Kayla*, waarin hy ook te siene was.

Die rolprent *Konfetti* waarin hy die hoofrol gespeel het, het ook uit sy pen gekom. Hierna speel hy die hoofrolle in die prente *Jimmy in Pienk* (Hanneke Schutte), *Die Laaste Tango* (Deon Meier), *Love the One you Love* (Jenna Bass) en *Alles wat mal is* (Darrel James Roodt). Hy is saam met Juliette Binoche in John Boorman se *In my Country*, speel teenoor Christopher Lambert in *The Piano Player* en is ook in die plaaslike produksies, *Crazy Monkey's Straight Outta Benoni, Bunny Chow* en *Rainbow Skellums.* In 2010 is hy een van *celebrity*-deelnemers aan M-Net se *Survivor South Africa: Santa Carolina* en in 2014 vertolk hy die rol van Francois le Roux in die SABC2-dramareeks, *Swartwater*.

In 2013 word Louw vir 'n SAFTA as die beste byspeler in die rolprent *Semi-Soet* genomineer en hy is al twee keer as een van die *Mail and Guardian* se top 200 Suid-Afrikaners aangewys. Nog 'n prestasie is 'n Bronsmedalje wat hy by die New York Festival vir kopieskryf gewen het.

JUANITA VELTS – Susan Fouché

Juanita de Villiers het 'n BA-graad (Hons) in drama maar is nie net aktrise nie, maar ook 'n danser en 'n verhoogkunstenaar. Sy het in 2006 haar professionele debuut by die Grahamstadse Filmfees in die produksie *Lost in Thought* gemaak wat deur Christa-Louie van Heerden geregisseer is.

In 2009 doen sy onder die regie van Shareen Swart die komiese teaterproduksie, *Hemelbed*, waarna sy in *7de Laan* speel. In 2010 tree Juanita onder die regie van Pieter Bosch Botha in die toneelstuk *Noises Off* op, is sy ook in Reza de Wet se *Mis* met André Stolz as die regisseur en in die rolprent *Bakgat*. Buiten die kortfilms, verhoogproduksies, musiekvideo's en televisie-advertensies waarin sy speel, vertolk sy ook die vroulike hoofrol in die prent *Koringberg*, wat in 2013 vrygestel is.

Sy speel ook Dr Marlien Thiart in die sepie, *Binnelanders,* en in 2014 in 'n drie vollengte prente: *Forsaken, Knysna* en *Somer Son*.

Sy sluit 2015 af met 'n rol in *Die Pro*, die eerste Afrikaanse prent wat oor branderplankryers handel. In 2016 is sy die jong ondersoekbeampte Ella Nasser in die riller *Die Ontwaking*, 'n verwerking van Chris Karsten se boek *Abel se Ontwaking,* en sy kry ook 'n rol in Willie Esterhuizen se *Droomdag*.

JÜRGEN HELLBERG – Arnoldus Venter

Jürgen begin in 1972 op die ouderdom van elf jaar sy loopbaan in die skone kunste as lid van die wêreldbekende Drakensberg-seunskoor. Later skryf hy hom by die Pretoria Technikon se

Skool vir Uitvoerende Kunste in waar hy sy vrou, die sanger en regisseur Shireen Hollier, ontmoet en by 32 studenteproduksies betrokke is. In 1984 ontvang hy sy Nasionale Diploma in die Uitvoerende Kunste (drama) en sedertdien werk hy as akteur, skrywer, sanger en vervaardiger en speel hy ook in talle verhoogproduksies en op televisie.

Hy het ’n natuurlike gawe vir tale en aksente en kan Engels, Duits en Afrikaans vlot praat. Hy kan ook toneelspeel in isiZulu, Grieks en Spaans.

EDRIEN ERASMUS – Karen Venter

Edrien is ’n veelsydige sanger en akteur en haar solo-albums sluit Big Ben en Huisie Innie Stad in, terwyl haar ervaring in die teater toneelstukke by feeste soos die KKNK, Aardklop en Innibos insluit. In 2008 en 2009 was sy deel van die *Add Life Production, Houtkruis – die musical* en *Ons vir Jou* en in 2010 slaag sy Graad 8 met verdienste by Trinity se Rock-skool terwyl sy in 2011 haar Graad 8 in klassieke opleiding ook met verdienste slaag. In dieselfde jaar is sy deel van die kinderteatergroep Boek-Buddies, waarna sy die rol van Ragel in *Ester the Musical* vertolk.

Sy kry in 2013 die geleentheid om die rol van Ouma Elsa in die musiekspel *Liefling* te speel en is ’n koorlid in *Jesus – die Musiekblyspel*. Een van die hoogtepunte van Edrien se loopbaan was toe sy in 2015 die rol van die goeie fee losgeslaan het in *Aspoestertjie – A Pantomime*, wat by Emperor’s Palace op die planke was. Hoewel Edrien se teaterervarings meestal in Afrikaans is, praat sy Engels vlot, is sy ’n bietjie Duits en Tswana magtig, maar kan ook verskillende aksente en karakters namaak.

In 2014 was Edrien in die televisiedramareeks, *Aalwyntyd*, asook in die rolprente *Stom* en *Neem my Saam*. Haar televisieblootstelling stel *7de Laan* (2010) en *Binneland* (2012), *High Rollers* (2013 & 2015), *Donkerland* (2013), *Bloedbroers* (2014), *Fluiters* (2015) en *Scandal* (2015) in.

MASILO JOSIAS MOLEELE – Ernest Khumalo

Josias Moleele is ’n draaiboekskrywer, akteur en regisseur vir teater en televisie. Sy loopbaan skop in 1993 by die Tshwane Universiteit van Tegnologie se dramadepartement af en nadat hy sy B Tech-graad in drama behaal het, word hy die eerste swart dosent aan sy alma mater waar hy toneelspel, draaiboekskryf en regie doseer.

In 1997 verruil Josias die Technikon vir die klaskamer om ’n opvoeder aan die Waterkloof Preparatory School te word. Maar in 1998 roep hy die klaskamer vaarwel toe om sy drome om ’n skrywer en regisseur te word, na te jaag. Sedertdien het hy al heelwat teaterproduksies soos *Call us Crazy* geskryf en drie Vita-toekennings gewen. Nog ’n eerbetoon wat hom te beurt geval het, was ’n Naledi-toekenning wat hy vir sy kragtige dansmusiekspel, *Tapsula*, gewen het.

Hy het ook die wildleweprogram 50/50 vir SABC2 aangebied en was ’n beoordelaar in *Crazy Games*, ’n verskeidenheidsprogram vir dieselfde kanaal. Hierna speel hy Miles Vilakazi se prokureur in *Rhythm City*, verskyn in heelwat advertensies, slaan ’n rol los in *Invictus* (met Clint Eastwood as die regisseur), asook in die BBC-televisiereeks *Strike Back*. Hy was ook in Leon Schuster se *Mr. Bones 2* en in *Land of Milk and Money* te siene gewees.

In 2000 betree hy die wêreld van korporatiewe teater en in 2003 werk hy saam met Dr Mark Rittenberg van Berkeley, Kalifornië, om Aktiewe Kommunikasie-opleidingswerkswinkels aan korporasies in Suid-Afrika bekend te stel. Dit lei tot die stigting van sy eie konsultasiemaatskappy, Dos Productions, wat op opleiding en motiveringspraatjies fokus.

Josias is tans besig met sy meestersgraad in drama en het sy eie kunsakademie te stig. Hy is ook die outeur van die motiveringsboek, *Doing the Usual in the Unusual Way*, wat as ’n e-boek beskikbaar is.

ZENANDE MFENYANA – Mev Khumalo

Zenande het reeds op laerskool haar eerste oudisie gehad waarna sy gekies is om in twee advertensies te verskyn. Vandag is sy ’n akteur, storieverteller, oorklankingskunstenaar en *fasionista*.
Die lesers van *The Sowetan* het haar ook as een van die top sexieste vroulike sterre in Suid-Afrika aangewys.

Haar teaterkrediete sluit *Rapunzel, The Music Show* en *Madiba Magic* in en haar televisiewerk *Generations, Ashes 2 Ashes* en *Igazi.* Sy was ook in die rolprente *Liefling* en *All About Love* te sien.

JOHAN BOTHA – Oom Gert

Johan Botha was al in te veel televisiereekse om op te noem, te sien – *Arende, Vyfster, Die Byl, Oupa en Ouma sit op die Stoep, 7de Laan, Meeulanders, Buurtwag* en meer onlangs in die sepie, *Suidooster.* Sy rolprentwerk sluit onder meer *Nommer Asseblief? – die Rolprent*, *Circles in a Forest, Die Storie van Klara Viljee, Pad na jou Hart* en *Anderkant die Stilte* in.

SASHA STROEBEL – Pop

Sasha het ’n groot passie vir die teater. Sy het musiekteater aan die Technikon Pretoria studeer en in sang en toneelspel gespesialiseer. Haar loopbaan spring weg met kinderteater onder die leiding van Gill Gerard en Keith Smith en vandaar sluit sy haar by PIT Productions (Professional Intelligent Theatre Co) aan. Haar eerste professionele produksie was *Dis Hoe Dit Was – Die Steve Hofmeyr Storie* in 2007. Hierna is sy in ’n hele paar van Packed House Productions se produksies wat almal onder die regie van Deon Opperman was, soos *Ons vir*

jou Suid-Afrika en *Lied van my Hart*. Sy het ook vir Pieter Toerien in die komiese musiekspel, *Nunsensations*, gewerk.

In 2008 kry sy die geleentheid om haar staal in ’n ernstige rol in die Afrikaanse drama *’n Tyd om Lief te hê* te wys. Sy doen ook oorklankingswerk soos die onlangse veldtog van Slender Wonder se Afrikaanse radio-advertensies.

KAZ McFADDEN – Karreltjie

Nadat hy aan die Hoër Tegniese Skool John Vorster gematrikuleer het, skryf Kaz hom by die Performing Arts Lifestyle Institute (PALI) in. Aan die einde van sy derde jaar aan PALI in 2006 maak hy sy debuut in die nasionale sepie, *Binnelanders*. In 2007 voltooi hy sy vierde jaar by PALI en aanvaar hy ook ’n permanente rol by die kykNet-sepie, Villa Rosa. Sedertdien was hy al in verskeie ander televisieproduksies soos *Egoli – Place of gold, Die Uwe Pottie Potgieter,* Koos Roets se *Pantjieswinkelstories* asook *Getroud met Rugby.* Kaz was ook onlangs Dewald in *7de Laan* en in teaterproduksies soos *Paulus, Noises Off, Vaselinetjie* en *Somewhere on the Border*.

Hy blink egter nie net as akteur uit nie, maar waag ook sy hand aan artistieke regie by Nomad Productions – of die Nomads, soos hulle algemeen bekend staan. As skrywer en regisseur was Kaz ook verantwoordelik vir *Fladder, Grond, Skemer* en die Kersaanbieding*, Aan die ander Kant.*

Hy slaan ook rolle in die rolprente, *’n Pawpaw vir my Darling,* Angus Buchan se *Ordinary People*, Katinka Heyns se *Die Wonderwerker, Knysna* en *Strikdas* los. In 2012 word Kaz vir die Ikussasa Youth-akteur-van-die-jaar genomineer, in 2015 ontvang hy ’n nominasie van die Royal Soapy Awards, en in 2016 word hy vir ’n Huisgenoot Tempo-toekenning as Akteur van die Jaar genomineer.

REINE SWART – Bianca

Reine Swart het bekendheid verwerk met die rolprent *Die Pro* (2015), wat die eerste Afrikaanse prent oor branderplankryers was. Sy maak ’n gasverskyning in die internasionale televisiereeks, *Dominion* (2015) as Charlie, ma van The One. In 2016 speel Reine die kelnerin Claire in Christopher Smith se *Detour* saam met Tye Sheridan, Bel Powley en Emory Cohen.

Sy vertolk ook uiteenlopende karakters in plaaslike televisiereekse soos *Villa Rosa, Geraamtes in die Kas* en *Bloedbroers* en in die rolprente *Skorokoro* en *Somer Son*.

RUAN WESSELS (Dawid)

Ruan Wessels het as akteur bekend geword vir sy rolprentrolle in *Agent 2000: Die Laksman* (2014), *Hoofmeisie* (2011), *Dis ek, Anna* (2015) en vir sy rol in die sepie *Binnelanders*. Hy was

ook al in verskeie radio- en televisie-advertensies, en in 2016 speel hy die krieket-*jock* Marco Marais in die tienerprent, *Jou Romeo*, 'n Afrikaanse hoërskoolmusiekspel.

CHARLIE BOUGUENON – Cedric

Charlie het op 'n vroeë ouderdom sy lewenslange liefdesverhouding met die uitvoerende kunste begin. In sy grootwordjare is hy baie aktief by dramaverenigings en die logiese volgende stap was om BA Drama by die Universiteit van Pretoria te gaan studeer waar hy ook 'n sertifikaat in verhooggevegkuns verwerf. Charlie hou nie van stilsit nie en hy het heelwat waagtoertjie- en wapenkursusse agter sy naam en hy het onlangs sy Lisensiaat in Musiekteater by Trinity College London behaal.

In 2003 maak Charlie sy professionele debuut in die nasionale reisproduksie *Fame – The Musical*. Van sy belangrikste teatersuksesse was onder meer die rol van die psigotiese Dr Frank-N-Furter tydens 'n nasionale toer van *The Rocky Horror Show*; die rolle van Kenickie, Sonny en Vince Fontaine as lid van West End se internasionale toermaatskappy *Grease*; die diaboliese Bombardier Kotze in die hoog aangeskrewe *Somewhere on the Border* by die Nasionale Kunstefees wat ook by die Mark- en Baxter-teaters op die planke was; en Mafioso Gyp De Carlo as deel van die nasionale en internasionale reisproduksie van *Jersey Boys*. In 2011 skryf, vervaardig en tree hy op in die eenmanvertoning, *Emphasis on Hopeless*, en word die trotse eienaar van sy eie produksiemaatskappy, CharlieGuy Productions.

Sy rolprentervarings sluit rolle in *Revolt, Alexia, Skorokoro*, Angus Buchan se *Ordinary People, The Land of Milk and Money, Trouvoete, Mossie* en die Afrikaanse riller, *Koringberg* in en 'n hele paar rolle in Mzansi Magic-prente.

Sy televisiekrediete sluit *Homeland 4, Strike Back 2, Bloedbroers, Sterlopers 1* en *2, Getroud met Rugby 5, Gauteng Maboneng 2, Ses Top'la, It's for Life, 7de Laan, Villa Rosa, Binnelanders* en *Binnelanders Sub Judice, Scandal* en projekte vir die 46664 Foundation en heelwat advertensies in.

LYALL RAMSDEN – Conrad

Lyall se akteursloopbaan skop in 2004 af met 'n rol in Janice Honeyman se pantomime, *Cinderella,* en van sy loopbaanhoogtepunte is die rol van Zazu in Disney se *The Lion King* in Suid-Afrika en Asië en Riff-Raff in *The Rocky Horror Show* by die New Victory-teater. Hy was ook betrokke by produksies soos *The Sound of Music* waarin hy Friedrich speel, *My Fair Lady*, Disney se *Beauty and the Beast*, Thomas in *Ons Vir Jou*, Tommy in *Nicky Silvers Pterodactyls* en Danny Zuko in *Grease* vir die Wellington Production House.

Sy televisieproduksies is net so indrukwekkend: *Uncle Max* vir BBC Film, die rol van Mac in *Flesh – A Franz Marx Pilot, Hall*, 'n tech-offisier in HBO se *Strike Back* en John Walsh in *Donkerland* vir kykNet (DSTV). Hy was ook betrokke by feitlik al die aspekte van verskeie korporatiewe geleenthede en radio- en televisie-advertensies.

MARLEE VAN DER MERWE – Genevieve

Nadat sy vir ’n jaar lank vermaaklikheidstegnologie aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie studeer het, het Marlee ’n driejaardiploma in musiekteater by dieselfde instelling voltooi. In hierdie tyd blink sy uit op verskillende terreine en haar natuurlike aanvoeling vir choreografie sorg vir ’n uitnodiging na die FNB Dance Umbrella-fees in 2004 waar haar stuk, *Violence on Violins*, opgevoer is.

Nadat sy gegradueer het, word sy deel van die klassieke musiekspel, *Showboat*, met Janice Honeyman as die regisseur. Buiten dat sy al die wêreld deurkruis het, het sy ook plaaslike gehore met ’n hele klomp internasionale musiekproduksies soos *Mamma Mia, The Full Monty, Jesus Christ Superstar, Cabaret* en *High School Musical* aan haar voete gehad.

Marlee was ook die hoofsangeres vir baie aandete-cum-teaterproduksies by die Barnyard, die Performer- en die Stage Door-teaters. En meer onlangs was sy die wrede stiefma, Ursula, in Add-Life se pantomime, *Aspoestertjie.* Haar droom om in die televisie- en rolprentbedryf te werk, is uiteindelik bewaarheid toe sy haar debuut as Melanie in *Liefling* gemaak het. Nog rolprente volg, soos *Pretville, Pad Na Jou Hart* en *Trouvoete*.

Sy was ook die afgelope tyd baie besig met televisiereekse waarin sy onder meer sleutelrolle in *Sterlopers* en *Bloedbroers* gespeel het en in 2015 in *Villa Rosa*. Marlee is ’n ou bekende wanneer dit by musiekateljees kom omdat musiek een van haar groot liefdes is. Sy was ook al by heelwat CD-produksies as liedjieskrywer, medevervaardiger, verwerker en stemregisseur betrokke. Sy skryf en verwerk ook musiek vir rolprente, albums en selfs vir ’n modeparade op *7de-Laan*.

LINDI STANDER – Hokkie-afrigter

Lindie Stander het veral bekend geword vir haar rol as verpleegster Elsie Kruger in die M-Net-sepie *Binneland* (voorheen bekend as *Binnelanders* en *Binneland Sub Judice*). Hierna was sy ook in *Villa Rosa* te siene en tans onderrig sy drama.

BIOGRAFIEË – FILMSPAN

MORNE LANE – Skrywer & Vervaardiger

In 2006 was Morne Lane deel van die kameraspan van sy eerste dokumentêre rolprent, *Play it as it Lies* en nou, nege rolprente, vier televisiereeks, vyf lewendige opnames en baie korporatiewe produksies later, het hy en sy sakevennoot, Willie Olwage, hulle eie maatskappy, Cross Kine, in Pretoria van stapel gestuur. Die maatskappy versprei Christelike en geloofsgebaseerde rolprente wat deur Incense Productions vervaardig word en sluit *Hartsbegeertes, Forsaken, Rowwe Diamante, ReLoad* en *Suiderkruis* in.

Hy het al saam met bekende akteurs en beroemdes soos Gerhard Steyn, Kurt Darren, Angelique Gerber, Marissa Drummond, Johan Scholtz, Hykie Berg, Gretha Wiid, David Louw en Solomon Cupido gewerk. Sy produksies is op Supersport, Kyknet, TBN Africa, ASTV en Kruiskyk TV vertoon en boonop is hy ’n ervare draaiboekskrywer.

MARCUS MULLER – Vervaardiger

Marcus Muller het al naam gemaak as akteur, stemkunstenaar en regisseur. Marcus is bekend vir sy rol as Stef Retief op Villa Rosa. Marcus het ook die rol van Liam de Lange in Egoli gespeel. In 2006 het hy die Mr South Africa titel losgeslaan.

LUHANN JANSEN – Regisseur

Op die ouderdom van 18 jaar het Luhann Jansen as ’n kamera-assistent begin werk maar het binne twee jaar ’n suksesvolle kinematograaf geword. Toe ontdek hy sy ware liefde: om stories te vertel en te regisseer. Nadat die bekende Gerrit Schoonhoven hom onder sy vlerk geneem het, het hy verskeie televisiesepies se regie behartig en die hoofregisseur van *Getroud met Rugby* geword. In 2015 gryp hy die kans aan om sy eerste televisiereeks – kykNet se *Sterlopers* – te regisseer, wat ’n groot sukses was. *Sterlopers 2* het in 2016 ’n Tempo-toekenning as die beste reeks gewen en nou, met *Kampterrein*, het Luhann sy eerste rolprent as regisseur aangepak.

PRODUKSIEBESTUURDER	Carien Botha Zeeman
EERSTE ASSISTENT REGISSEUR	Neil-Bennet Grib

Rolverdeling

Ruan Wessels	Dawid
Reine Swart	Bianca
Louw Venter	Jan Fouche
Juanita de Villiers Velts	Susan Fouche
Zonika de Vries	Jeanette Fouche
Zander von Gordon	Frik Fouche
Ruanco Ueckermann	Francois Fouche
Jurgen Hellberg	Arnoldus Venter
Edrien Erasmus	Karen Venter
Masilo Josias Moleele	Ernest Khumalo
Zenande Mfenyana	Mrs. Khumalu
Thandie du Toit	Mari Khumalo
Johan Botha	Oom Gert
Sasha Stroebel	Pop
Kaz Mcfadden	Karreltjie
Charlie Bouguenon	Cedric
Lyall Ramsden	Conrad
Marlee van der Merwe	Genevieve
Therese Bernade	Actriese
Morne Lane	Giel
Lindi Stander	Hokkie Afrigter

Chandre du Preez	Hokkie Bokkie
Wianne Fourie	Hokkie Bokkie
Ineke Hurter	Hokkie Bokkie
Chane Fischer	Hokkie Bokkie
Cassidy Lombard	Hokkie Bokkie
Amelia du Plessis	Hokkie Bokkie
Marize Ras	Hokkie Bokkie
Megan Norval	Hokkie Bokkie
Charlize Annandale	Hokkie Bokkie
Monique O'Connell	Hokkie Bokkie

UITVOERENDE VERVAARDIGERS	Johan Wehmeyer Joost Smuts Lizelle Demos
VERVAARDIGERS	Morné Lane Marcus Muller
REGISSEUR	Luhann Jansen
DRAAIBOEK	Morné Lane
REDIGERING	Michael Loots
KINEMATOGRAAF	Michael van Zyl
PRODUKSIE ONTWERP	Kruger van Deventer
KLANK ONTWERP	Tertius Human Shane Dewar
MEESTER KOSTUMEERDER KOSTUUM ASSISTENT	Christine Elgie Ward Maxine Bisset
KONTINÜITEITSOORSIENER	Carmen Olwage
HARE & GRIMERING HARE & GRIMERING ASSISTENTE	Maritza Maritz René Ferreira Noleen Fenske Yoane Weyers Walter Wurth
PRODUKSIE REKENMEESTER	Combined Broker Network

	Johan Wehmeyer
	RJ van Niekerk
	Mari Strydom
FOKUS BEHEER	Phillip Van Zyl
	Marius de Nysschen
KAMERA ASSISTENT/KLAPBORD	Jacci Coetzee
KAMERA ASSISTENT/VT	Jacci Coetzee
DATA ONTVANGER	Ludwig Loots
BELIGTINGSTEGNIKUS	Grant van Vuuren
BEST BOY	Mthandazo Sandawana
BELIGTINGS ASSISTENT	Christiaan Pool
	Ryno de Weerdt
HOOF TAKELAAR	Mthandazo Sandawana
BEST BOY	Oscar Mpofu
KRAGOPWEKKER TEGNIKUS	Morné Veldsman
KUNS ASSISTENT	Pieter Vosloo
	Luan Taute
REGISEUR ASSISTENT	Yolande Janse van Vuuren
REKWISIETE BEHEER MEESTER	Kruger van Deventer
ANIMAL WRANGLER	Brigitta
EENHEIDSBESTUURDER	Mthandazo Sandawana
PROP BUSSIE DRYWER	Werner Bienedell
TYDELIKE WERKER	Monnapule Joseph Mokonke
TYDELIKE WERKER	Koos Lentikile Sentuedi
TYDELIKE WERKER	Bongani Malatji
WAGHALS	Nic Grigg
NA-PRODUKSIE	VPH Films
NA-PRODUKSIE REDIGEERDER	Michael van Zyl
NA-PRODUKSIE VISUELE EFFEKTE	Diane-Lee Pretorius
ASSISTANT REDIGEERDER	Ludwig Loots
KLEURVERSORGING	Michael van Zyl
FINALE KLANKVERMENGING	Tertius Human
BEMARKINGS BESTUURDERS	Jana Erasmus en Helen Kuun
Sociale Media bemarking	Soul Providers en Jana Erasmus
WEBWERF ONTWIKKELING	Indigenous Film Distribution
ONTWERP & GRAFIESE KUNS	Indigenous Film Distribution
PUBLISITEITSFOTOGRAAF	Dominic Barnard
PUBLISITEIT BESTUURDER	David Alex Wilson
ATKV Buffelspoort	Frikkie Pieters
AKKOMMODASIE	ATKV Buffelspoort
HUUR VOERTUIE	JMC Johannesburg

SLEEPWAENS	Orange Grove Garden and Outdoor Centre Rustenburg
BELIGTINGS/TAKELAAR TOERUSTING	Panalux
ADDITIONELE KAMERA TOERUSTING	Panavision
VERSEKERING	CGM Insurance

Spesiale Dank

THE DTI - Dimakatso Kgomo, Lekatela Makgoba, Lehlohonolo Mokhosi

ATKV Buffelspoort

Tommie du Plessis

Morne Veldsman

Reyno Wepener

Frikkie Pieters

Jacques van Niekerk

Henlo Lindeque

David Bangane

Sanet Harding

Estelle Visser

Chantel Matthee

Nita Brunton

Louise van den Berg

Yvette Keyser

Ludwig Wagner

ATKV Hoofkantoor

Reinhard du Plessis

Borge

Department of Trade and Industry

TW Profile Services

ATKV Hoofkantoor

ATKV Oorde

Rozess Slimming Clinic

Snappy Cheff

Tentco

Outdoor Warehouse

Panalux

Panavision

Leon Motors Rustenburg

Makro

Mamilla Fashion

JMC Motors

Orange Grove Garden and Outdoor Centre

Conqueror Sleepwaens

Dewfresh

Bright Light Film Academy

Acorn Foundation

FILM STUDENTS

Chandre du Preez
Wianne Fourie
Wanda Smith
Cassidy Lombaard
Charlene van Wyk
Marco Coetzee
Ineke Hurter
Carla Steyn
Chané Fisher
Lee-ann Prinsloo
Marné Nagel
Grant du Plessis
Petrus Schreuder
Tristen Jacobs
Charlize Annendale
Kayla Lotter
Larika Meiring

Megan Norval
Amelia Du Plessis
Marize Ras
Carla Pohl
Liza Joubert
Elme Janse van Vuuren
Hattinie Freyer
Deuzart Oosthuizen
Jed Taylor
Michelle Minnaar
Ané Jansen van Vuuren
Annelien Erasmus

EXTRAS

Hettie Pretorius, Louis Swart, Magda Swart, Chandré du Preez, Cassidy Lombard, Marné Nagel, Kay-Lee Scholtz, Michelle Minnaar, Ena Alberts, Daan Scheepers, Louis du Plessis, Christa du Plessis, Dawid van Nieuwenhuizen, Charné Fischer, Tristan Jacobs, Petrus Schreuder, Riana Schreuder, JJ Liebenberg, Harry Shawinsky, Harry Shawinsky (Snr), Werner Bienedell, Susan Fourie, Narda Botha, Daniel van Rooyen, Annamarie du Plessis, René Annandale, Pieter Marais, Charlize Annandale, Annelien Erasmus, Jannes Nell, Grant du Plessis, Marize Ras, Adriaan Pretorius, Natasha Fourie, Michelle van der Mescht, Desmand van der Mescht, Johanita van der Mescht, Wanda Smith, Carla Steyn, David Hills, Kezia Ross, Dawid van Nieuwenhuize, Leonardus Schoeman, Floppie Schoeman, Ina Kuhn, Jacoba Reiners, Miné Engelbrecht, René Annandale, Annamarie du Plessis, Amelia du Plessis, Liza Joubert, Carla Pohl, Jackie de Vries, Arlien Pieters, Marco Coetzee, Kayla Lötter, Celesté Erasmus, Ineke Hurter, Wilmari Vorster, Anine Erasmus, Lé-Ann Prinsloo

Charlene van Wyk, Uléne Vos, JJ Liebenberg, Henk du Toit, Hester Dicks, Aldon Bronkhorst, Quintin Groenewald, Francois van Tonder, Charlize Annandale, Hennie Blignaut, Frik van Rheede van Oudtshoorn, Kobus Els, Johan Lötter, Johan Botha, Christi Hurter, Boet van Tonder, Sumari Gloy, Wianné Fourie, Kobus van den Berg, Monique O'Connel, Megan Norval, Anzelle Mostert, Willien van der Merwe, Chandré du Preez, Wayne Lënn, Casper Smit, Hannes Myburgh, Johan Theron, André Vivier, Andrnet Joubert, Martie de Lange, Hendrik Ludick, Jaco van Deventer, Ester Natasha Opperman, Mariette Heydenreich, Pieter Christiaan Heydenreich, Menette de Beer, Gerrie Heydenreich, Andriette de Beer, Zeanné Viljoen, Amij Viljoen, Vian Bester, Brahm Joubert, Dawn Corbett, Maureen Corbett, David Corbett, Sandy Myburgh, Japie Myburgh

Sonja Kapp, Thia Smook, Catlin Smook, Régan Smook, Marietjie Barwise, Ryno Smit, Danté Eichorn, Shirley van Deventer, Jan Smit, Jeanine Rautenbach, Rueben Kruger, Chloé Kruger, Johnny van Zyl, Tina van Zyl, Joey Kruger, Chris Harris, Dewey Harris, Daniel Harris, Kyle Harris, Marco Neil Deysel, Lisa Balderstone, Anneke Christhopher, Dorina Kamfer, Elize Richter, Johan Kruger, Wimpie Pieterse, Werner Eveleigh

Gert Oosthuizen, Emarentia Coetzer, Jaundré Pienaar, Lee-Ann de Beer, Adri van den Berg, Jordan Goosen, Alyssi Goosen, Chanelle van der Merwe, Dyllon van der Merwe, Aiden van der Merwe, Morné Veldsman

Morick Veldsman, Jane Veldsman, CJ Kruger, Jaundré Pienaar, Kristof Welthagen, Sanet Harding, Ciska Reekie, Martie Minnie, Phillip Strauss, Dewald de Beer, Henk Goosen, Jeremy van Wyk, Petrie van Wyk, Amanda Reekie, Shirley van Deventer, Christo Bosman, Carl-Martin Clark, Chivonne Clark, Clarise Angelo, Lee-ann de Beer, Pieter Myburgh, Charlotte Vermaak, Jako van Deventer, At Vorster, Elise van der Mescht, Monty van der Mescht, Lallie Schoeman, Joey Hugo, Carol de Lange, Hannes Hugo, Dan de Lange, Moenier Raffie, Zarina Patel, Kulsum Raffie, Lucinda Graham, Nazeema Raju, Linda Lacey, Marianne Ellis, Gadijah Raju, Zikhona Bosman, Nomhle Myojo, Virginia Qwanti, Lawrence Qwanti, Lettie Sibanda